



JAKES GERWEL STIGTING
JAARVERSLAG
2025

INHOUD

2

VOORWOORD

4

WAARVOOR ONS STAAN

4

WAARIN ONS GLO

6

DIE MAN AGTER ONS NAAM

7

PAULET HUIS: ONS HERBERG
VIR SKRYWERS

8

DIE SYFERS SPREEK BOEKDELE

9

UITREIKPROJEKTE

26

WIE ONS IS

27

ONS VENNOTE

28

ONS DONATEURS

28

VOLG ONS

29

ONS ONTHOU

VOORWOORD

Vanjaar sou prof. Jakes Gerwel 80 jaar oud gewees het. In die verslag oor dié spesiale jaar gee ons 'n oorsig van wat ons in 2025 bereik het. As prof. Gerwel nog met ons was, is ek oortuig daarvan dat hy baie tevrede sou wees met hoe die Jakes Gerwel Stigting sy nalatenskap voortsit – deur stemme wat lank nie gehoor is nie te koester, toegang tot die letterkunde te verbreed, en in die belofte van die jeug te belê.

As iemand wat vir letterkunde lief was, sou prof. Gerwel kon bevestig dat stories mense nader aan mekaar bring. Hulle maak 'n mens innerlik gesond, daag jou uit, bring nuwe insigte en bou empatie. Om hierdie rede bly die bevordering van die letterkunde en die ondersteuning van opkomende skrywers die kern van die Stigting se missie.

Ons groeiende leesondersteuningsprogram weerspieël ons verbintenis tot kinders om hulle leesvaardighede te verbeter. Ons streef daarna om 'n lewenslange liefde vir lees, taal en leer by hulle te vestig – dit ontwikkel hulle verbeelding en leierseienskappe, en skep vir hulle beter geleenthede. As 'n Stigting is ons baie trots op dié nalatenskap wat ons in prof. Gerwel se naam uitbou.

Net so is ons bevoorreg om, deur Paulet Huis, 'n ruimte vir samewerking, kreatiwiteit en kameraderie vir plaaslike en internasionale skrywers te skep. Hierdie interaksie verryk die deelnemers én die breër literêre gemeenskap.

Namens die Raad van Trustees en die personeel van die Jakes Gerwel Stigting nooi ek u om hierdie jaarverslag te geniet. Dit weerspieël ons vordering, vennootskappe en prestasies die afgelope jaar. Ons wil ook ons vennote en donateurs – veral die Jakes Gerwel Familietrust – hartlik bedank. Hulle volgehoue vertroue in die transformerende krag van die letterkunde sterk ons hande elke dag.

Prof. Brian Figaji
Voorsitter: Jakes Gerwel Stigting

“Ons moet altyd onthou
dat kultuur en taal
brugbouers kan wees,
nie mure nie.”

– Prof. Jakes Gerwel




Prof. Brian Figaji

WAARVOOR ONS STAAN

Die Jakes Gerwel Stigting is in 2013 as 'n nuwingsgewende organisasie in die lewe geroep om die ryke nalatenskap van professor Jakes Gerwel voort te sit. Omdat prof. Gerwel beskou word as 'n brugbouer van uitnemendheid, maak die Stigting erns met die ontwikkeling van opkomende skryftalent. Ons streef daarna om 'n gelyke Suid-Afrika te skep, die literatuur te verruim en in die ontwikkeling van die jeug te belê.

WAARIN ONS GLO

Ons fokus op die bevordering van die skryfkuns en die ontwikkeling van skryftalent, juis omdat ons in die mag van woorde glo. Stories het die vermoë om te transformeer, te genees en te versoen. Stories neem geregtigheid en trots na afgeskepte gemeenskappe wie se stemme té lank stil was. Stories bied ons kinders 'n toekoms.





DIE MAN AGTER ONS NAAM

Baie mense ken die besige rylaan buite Kaapstad, maar weet nie na wie dit vernoem is nie! Jakes Gerwel (18 Januarie 1946–28 November 2012) se lewensverhaal onderstreep die belangrikheid van leer. Hy het as deel van 'n plaaswerkersgesin op 'n Oos-Kaapse plaas duskant Somerset-Oos (deesdae KwaNojoli) grootgeword. Sy ouers, John en Sarah Gerwel, het die Bracefield Primêre Skool begin, en danksy hulle kon hy skoolgaan waar hy grootgeword het. Na sy hoërskooljare by Dower Kollege en Paterson Hoërskool, verwerf Gerwel sy BA-graad in 1967 aan die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK), en sy honneursgraad in Afrikaans en Nederlands in 1968 (beide cum laude). Daarna voltooi hy sy doktorsale studie (DLitt et Phil magna cum laude) aan die Vrije Universiteit Brussel in België.



In 1987 word Gerwel aangestel as rektor en visekanselier van die UWK. Van Mei 1994 tot Junie 1999 dien hy as direkteur-generaal vir oudpresident Nelson Mandela en as sekretaris van die kabinet. Hy was ook Madiba se toespraakskrywer, vriend, raadgewer en vertroueling.

Hy ontvang 13 eredoktorsgrade van universiteite regoor die wêreld. Sy eretoekennings sluit onder meer in die Orde van Koning Abdoelaziz (Saoedi-Arabië), die Orde van Goeie Dade (Libië) en Erelidmaatskap van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Ondanks al hierdie prestasies, was die letterkunde prof. Gerwel se grootste liefde. Daarom koester die Stigting skrywers en hulle onmisbare bydraes tot ons samelewing.

"Ek is deel van iets groter as myself."

— Naidene Lottering (Brussel tot Karoo)






PAULET HUIS: ONS HERBERG VIR SKRYWERS



Paulet Huis, die Stigting se skrywershuis aan die voet van die Bosberge in KwaNojoli, was eens die geliefde “ander huis” van prof. Gerwel en sy gesin. ’n Paar jaar na sy ontydige dood in 2012 het sy weduwee, Phoebe Gerwel, hierdie sjarmante woning aan die Stigting geskenk met die doel om dit tot voordeel van die publiek te benut.

Ná ’n lang restaurasieproses, open Paulet Huis sy deure in 2019 vir skrywers van heinde en verre. Sedertdien het hierdie historiese huis ontwikkel tot ’n unieke konsep in Suid-Afrika. Paulet Huis is vandag ’n trotse herberg vir skrywers; ’n oase waar stories gebore word.




*“I left not only feeling more confident as a writer
but also refreshed by the connections
made at Paulet House.”*

— Jesse Brown (Longhope TV-skryf)



Het jy geweet?

Paulet Huis is meer as 200 jaar oud en is in opdrag van Lord Charles Somerset vir sy tweede vrou, Lady Mary Poulett, gebou. Oor die jare heen het “Poulett” in die volksmond verander na “Paulet”. Dit is dan ook hoe prof. Gerwel na sy huis verwys het.



DIE SYFERS SPREEK BOEKDELE

Nagenoeg **70 000**
boeke is sedert 2018 aan kinders beskikbaar gestel

3 000
laerskoolleerders word jaarliks by 'n leesbevorderingsprojek betrek

215
skrywers is sedert 2019 by Paulet Huis bemaagtig

40
voorheen werklose matrikulante is sedert 2024 in diens geneem

38
nuwe dramatekste is al op die planke gebring

20
hoërskoolleerders se gedigte is gepubliseer

18
debuutskrywers het hulle werk gepubliseer

16
internasionale skrywers is tot dusver in KwaNojoli verwelkom

16
leeskamers is by arm skole in die Oos-Kaap ingerig

14
draaiboekskrywers het internskappe ontvang



UITREIKPROJEKTE

10

Bloukraan Boekeprojek

11

Jakes Gerwel Gesprekreeks

12

Kaap tot KwaNojoli

13

Wie was Nojoli?
'n Navorsingsprojek

14

Residensies

"Paulet House offered me a space to listen deeply to myself. It became a pivotal moment in my writing career, giving me the confidence, clarity and time to take my work seriously and imaginatively."

— Kgomotso Tsotetsi (Kommadagga Slypskool)



Bloukraan Boekeprojek

Ongeveer 80% van laerskoolkinders kan nie met begrip lees nie, wat impliseer dat slegs sowat 20% volgens of beter as graadvlak presteer. Dié skokkende leesagterstand in ons laerskole noop die Stigting om lees te bevorder.

Ons bied jaarliks intensiewe leesondersteuning aan graad 1- tot 4-leerders in die laerskole van die Bloukraanroete Plaaslike Munisipaliteit. Dit sluit die dorpe Pearston, KwaNojoli en Cookhouse in.

Vanaf 2024 het die Greater Stellenbosch Trust die Stigting via die Social Employment Fund in staat gestel om 40 leesassistentie in diens te neem om kinders gedurende skoolure te leer lees. By al die skole in ons opvangsgebied is kleurvolle leeskamers ingerig en met storieboeke en woordspeletjies toegerus. Met die skep van hierdie veilige en kreatiewe ruimtes belê ons in die toekoms van ons jeug – die Jakes Gerwels van môre.

Ons neem ook jaarliks saam met die Suidoosterfees 'n teaterproduksie na die Oos-Kaapse platteland om die kinders aan die wonder van die kunste bloot te stel. In 2025 het die Oos-Londense teatergeselskap, Wêla Kapela, 'n humoristiese en eietydse verwerking van *Jakkals en Wolf* in Afrikaans en Xhosa opgevoer.

"I've grown as a creative and have found a new love for writing that I'll take with me for the rest of my life."

– Marilise van Wyk (Longhope TV-skryf)

Hierdie projek word moontlik gemaak deur die DG Murray Trust, die Greater Stellenbosch Trust (GST), die Nasionale Kunstraad (NAC) en die LW Hiemstra Trust.

Bloukraan Boekeprojek-span:

Nompumelelo Sokoyi (programleier), Nompucuko Zakaza (opleiding), Reggie Danster (teaterontwikkeling), Lithembu Faku en Lubabalwa Sijila (administrateurs)



Jakes Gerwel Gespreksreeks

Die Jakes Gerwel Gespreksreeks is 'n jaarlikse instelling by die Suidoosterfees wat by Kunstekaap in Kaapstad aangebied word. In die gees van prof. Gerwel se nalatenskap moedig ons openhartige gespreksvoering aan en skep ons 'n platform waar meningsvormers en feesgangers saam oor aktuele kwessies kan besin. Dit is ook hier waar skrywers en digters hulle boeke kan bekendstel. Die Stigting is 'n trotse vennoot van die Suidoosterfees, wat prof. Gerwel se breinkind was.

Die Jakes Gerwel Gespreksreeks word saam met die ATKV en Netwerk24 aangebied.

"The South African literature inspired me to dive deeper and layer my own work in ways that I encountered in South Africa and at Paulet House."

— Frank Keizer (Brussel tot Karoo)





Kaap tot KwaNojoli

Ons is voortdurend op soek na opkomende skrywers met nuwe stemme en vars idees. Daarom is daar vroeg in Januarie 2026 'n gratis driedaagse werkswinkel in samewerking met die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie (CPUT) op die Mowbray-kampus aangebied. Gevestigde skrywers, uitgewers, boekeredakteurs en dosente het sessies aangebied oor verskeie aspekte van die skryfkuns – van basiese tegnieke, aanvraag in die boekebedryf en teksversorging tot bemaking.

Die talent en belangstelling was só oorweldigend dat ons reeds daarin kon slaag om die naam van die werkswinkel gestand te doen, naamlik om skrywers uit die Kaap te kies om in KwaNojoli verder te gaan skryf.

Hierdie projek is moontlik gemaak deur die Wes-Kaapse Departement van Kultuursake en Sport.

Kaap tot KwaNojoli-aanbieders:

Alettie van Heerden, Andile Ngidi en Earl Basson

"I am deeply grateful to the JGF for creating an inclusive space where my blindness was never a burden, and where I was celebrated purely as an author."

— Tania Joubert (Kaap tot KwaNojoli)

Wie was Nojoli? 'n Navorsingsprojek

In 2023 is Somerset-Oos se naam na KwaNojoli verander. Soos dit dikwels met naamsveranderinge gaan, is dit as 'n omstrede besluit bestempel. Talle inwoners het dit as geldmors beskou, veral in 'n dorp wat gebuk gaan onder armoede en agteruitgang; ander het gemeen dis hoog tyd dat die naam verander word.

Maar wie was Nojoli? Hierdie vraag, en ook die feit dat die swart geskiedenis van die Oos-Kaap nog nie behoorlik opgeteken is nie, het ons en die KwaNojoli Museum laat besluit om 'n navorsingsprojek van stapel te stuur. Die skrywer Mphuthumi Ntabeni is aangestel om dié uitdagende projek te lei.

Die eindprodukte – die boek *Our Voices are Left with Our Bodies: The Early Black History of KwaNojoli*, en 'n dokumentêre film, *KwaNojoli: The Origins* – is tydens 'n glansgeleentheid in Mei 2025 by Paulet Huis bekendgestel.




Hierdie projek is moontlik gemaak deur die Nasionale Erfenisraad van Suid-Afrika (NHC).

KwaNojoli Navorsingsprojek-span:

Mphuthumi Ntabeni (navorser) en
Buntu Duku (videograaf)

*"I came to KwaNojoli as a stranger
but left as a friend."*

– Frode Eie Larsen (PEN dit Neer)



RESIDENSIES

14

Bosberg Boekskryf

16

Brussel tot Karoo

18

Kommadagga Slypskool

20

Longhope TV-skryf

22

NATi Jong Sterre

24

PEN dit Neer

25

Oude Leeskamer
Tweede Boek Residensie

Bosberg Boekskryf



Die naam van hierdie program verwys na die pragtige Bosberge langs Paulet Huis. In 2025 het die Jakes Gerwel Stigting, in vennootskap met die uitgewers Jonathan Ball en Pan Macmillan, 'n jaarlange mentorskap vir opkomende skrywers aangebied. Hierdie projek werk soos volg: Die deelnemers en mentors kom kwartaalliks by Paulet Huis byeen om aan hulle onderskeie manuskripte te werk. Tussen werkswinkels skryf hulle op eie stoom aan hulle boeke. Die betrokke uitgewer word voortdurend op die hoogte gehou van die skrywers se vordering, en na afloop van die jaarprogram help die Stigting die skrywers om hulle manuskripte vir moontlike publikasie voor te lê.

"My experience was nothing but amazing."

– Enrico Hartzenberg (Bosberg Boekskryf)

In 2025 verskyn dié Bosberg-skrywers se debuutboeke: Faeed Amardien (*Life is 'n biets*), Juliette Manithana-Mnqeta (*If the Dead Could Talk*), Nadia Cassim (*Not Another Samoosa Run!*) en Reginald Hufkie (*Vredemaker*).

Die Bosberg Boekskryf-projek word ondersteun deur die Trust vir Afrikaanse Onderwys.





Begunstigde skrywers in 2025

Miché van Wyk, Enrico Hartzenberg, Suzette Myburgh (mentor), Sunni Faba-Gutu, Angela Briggs (mentor) en Nols Matyolo

"We talked, laughed and shared parts of who we are around the dinner table and in our writing. I am grateful for the time at Paulet House. It has changed me for good."

— Rushdiyah Narker (Kommadagga Slypskool)





Brussel tot Karoo

Brussel tot Karoo is 'n residensie wat die Jakes Gerwel Stigting en die Passa Porta Internasionale Skrywershuis van Brussel, België, saam aanbied. Hierdie projek is daarop gemik om onverpoosde skryftyd weg van die huis te skep; die uitruil van idees tussen Vlaamse en Suid-Afrikaanse skrywers te stimuleer; en die onderskeie lande se letterkunde te verryk. In 2025 verwelkom ons die Vlaamse digter Frank Keizer en die rubriekskrywer en musikant, Frederik de Backer.

*"The time I got to spend at Paulet House was not only
the highlight of my year, but one of the highlights
of my career as a writer thus far."*

– Bibi Slippers (Brussel tot Karoo)



Het jy geweet?

Passa Porta bied hulle skrywers vele residensiemoontlikhede, maar ons is hulle enigste vennoot in Afrika.

"Dit was drie weke waarin ek in baie opsigte intens geleef het – gesien, geproe, gedink, geruik."

– Alfred Schaffer (Brussel tot Karoo)

Begunstigde skrywers in 2025

Naidene Lottering, Frank Keizer, Gilbert van Zyl (sjef), Frederik de Backer, Keletso Mopai, Alfred Schaffer, Bibi Slippers en Theo Kemp (JGS uitvoerende direkteur)



Kommadagga Slypskool

In samewerking met LitNet bied die Jakes Gerwel Stigting in 2025 weer die Kommadagga Slypskool vir voornemende kortverhaalskrywers aan. Die naam van hierdie mentorskapsprogram, wat oor drie weke strek, is ontleen aan die Kommadagga-distrik – prof. Gerwel se komvandaanplek.

Siphiwe Gloria Ndlovu is in 2025 gekies as die inwonende skrywer. Op dié bekroonde Zimbabwiese skrywer se kerfstok is onder meer die *City of Kings*-trilogie, was bestaan uit *The Theory of Flight*, *The History of Man* en *The Quality of Mercy*.

“My fondest memory is the beautiful walks with the fellows,
and the moody weather of KwaNojoli.”

– Paballo Sekoto (Kommadagga Slypskool)

Begunstigde skrywers in 2025

Paballo Sekoto, Fourie Botha (mentor), Sindiwe Gloria Ndlovu (inwonende skrywer), Keamo Getswekoenaite, Rushdiyah Narker en Kgomotso Tsotetsi





Het jy geweet?

- Zubayr Charles, wie se debuutroman, *Haram*, in 2026 verskyn, het aan die eerste Kommadagga Slypskool in 2020 deelgeneem.
- Rushdiyah Narker, 'n deelnemer in 2025, wen die Science Fiction and Fantasy South Africa se Nova Short Story Competition-prys in 2026.

“You don't just get time to write; you get to reconnect with yourself and others. You get to garner moments and inspiration that will last you a lifetime.”

– Keamo Getswekoenaite (Kommadagga Slypskool)



Longhope TV-skryf

Die Jakes Gerwel Stigting en M-Net Kanale se intensiewe mentorskapsprogram bied talentvolle, opkomende draaiboekskrywers die geleentheid om hulle skryfvaardighede te slyp en by ervare skrywers in die televisie- en filmbedryf te leer.

Longhope, wat verwys na een van die distrikte naby KwaNojoli, bied inderdaad hoop. Opkomende skrywers leer by die land se voorste kenners, insluitend Tina Kruger en Carla-Marie Myburgh wat in 2025 as die Longhope TV-skryfmentors aangestel is. Die suksesvolle kandidate kry die geleentheid om na afloop van die mentorskapsprogram by M-Net Kanale se vervaardigingshuise praktiese ervaring op te doen en verskeie vorige deelnemers is ná hulle internskap van drie maande permanente poste aangebied.


"Paulet House offered me quiet, focus, and a rare sense of belonging.

It was a place where the work felt possible again."

— Simphiwe Fiddy Ngcobo (Longhope TV-skryf)

Begunstigde skrywers in 2025

Simphiwe Ngcobo, Keenan Martin, Jesse Brown, Madelize de Lange, Tina Kruger (mentor) en Marilise van Wyk




"Being at Paulet House allowed me the peace of mind and freedom
to fully concentrate on my writing and to leave with
so much more than I came with."

— Ntsika Benya (NATi Jong Sterre)

"I will forever cherish not only the experience, but what it
taught me — to believe in myself, and to start before
I'm 'ready' (the perfect moment never comes)."

— Madelize Dunningham (née De Lange) (Longhope TV-skryf)



NATi Jong Sterre


Hierdie dramateks-ontwikkelingsprogram het ten doel om jong dramaturge se teatertekste te slyp en vir die verhoog af te rond. Ná 'n gefokusde mentorskapsprogram in die Oos-Kaap, word die ontwikkelde tekste vir die daaropvolgende jaar se Suidoosterfees vervaardig. Die jong dramaturge kry sodoende die uitsonderlike geleentheid om hulle skryfvaardighede te verbeter én ervaring in die vervaardigingsproses op te doen.

*"Ek was die laatlammetjie van die groep, wat my baie onseker laat
voel het. Maar my medeskrywers het my gou laat beseef
dat ek ook daar hoort en 'n storie het om te vertel."*

– Kyle Matthew Truter (NATi Jong Sterre)

Begunstigde skrywers in 2025

Matthew Smith, Kim Adonis, Gilbert van Zyl (sjef), Oscar Petersen (mentor),
Kyle Matthew Truter, Chloë Kimberley van Rooyen, Jana Cilliers (inwonende aktrise),
Willem Esterhuyse en Ntsikayomzi Benya



Die akteur, dramaturg en teatermaker, Oscar Petersen, is in 2025 as die mentor aangestel. Jana Cilliers, gevierde aktrise, sluit by hom aan om haar kennis op en van die verhoog met die jong skrywers te deel. Sy sê die volgende oor haar ervaring met die jong sterre: "Wat my besonder opgeval het, was die groep dramaturge se sterk betrokkenheid by hul onderskeie generasies en familieverbandings – bande wat telkens op unieke maniere manifesteer as 'n diep hunkering na die vestiging van 'n volwaardige persoonlike identiteit."

Hierdie projek word in vennootskap met die Suidoosterfees en Kunstekaap aangebied en word deur NATi (Nasionale Afrikaanse Teater-inisiatief) ondersteun.

Het jy geweet?

- Diane du Toit Albertze, deelnemer aan die eerste NATi Jong Sterre-projek in 2019, ontvang in 2025 die gesogte Reinette Nagtegaal Teksprys (2025) vir die verhoogstuk, *Huis van sand*.
- Herschelle Benjamin was ook in Diane se groep. Sy aangrypende toneelstuk, *Joshlin: Meer as net 'n naam*, is in 2025 opgevoer en ook in boekvorm uitgegee. Benjamin maak in 2026 weer 'n draai in KwaNojoli om aan sy debuutdigbundel te skryf.



PEN dit Neer

PEN is 'n internasionale organisasie wat skrywers se regte wêreldwyd beskerm en bevorder. Die Jakes Gerwel Stigting, PEN Afrikaans en PEN South Africa nooi skrywers en digters wat tans PEN-lede is om aansoek te doen vir hierdie skrywersresidensie wat onverstoorde skryftyd waarborg. Elke jaar word PEN-skrywers van elders ook in KwaNojoli verwelkom. Dit dra by tot die besonderse dinamika van die groep wat daar byeenkom. Vorige jare se internasionale skrywers was afkomstig van PEN-sentrums in Duitsland, Malawi, Nederland, Noorweë en Togo. In 2026 vat ons hande met PEN Eritrea.

"Being at Paulet House was the perfect pause to approach a project I have been tentative about. The staff created the perfect atmosphere of care that is always welcome when one is away from home."

— Athambile Masola (PEN dit Neer)

Begunstigde skrywers in 2025

Erla Diedericks, Frode Eie Larsan, Athambile Masola, Jolyn Phillips en vangile gantsho



Oude Leeskamer Tweede Boek Residensie

Debuutskrywers sukkel dikwels om weer aan die skryf te kom, veral as hulle eerste werk goed ontvang is. Daarom span die Jakes Gerwel Stigting en die Jannie Mouton Stigting se Oude Leeskamer op Stellenbosch saam om skrywers van tweede boeke te ondersteun. Dié skrywers kry die geleentheid om verdere mentorskap te ontvang en in 'n inspirerende omgewing te skryf. In 2025 word residensies toegeken aan Miriam Telanie (*Hier verlaat ek jou*), Sihle Qwabe (*The Resurrection*) en Deidré Jantjies (*Stories in die wind*).

Het jy geweet?

- Lebo Mazibuko het tydens haar residensie by Oude Leeskamer aan haar tweede, baie suksesvolle roman, *Fabrics of Love*, geskryf.

“The best part for me was disconnecting from my mundane life and dedicating all my energy to clicking my keyboard. It was exhilarating.”


– Sihle Qwabe (Oude Leeskamer Tweede Boek Residensie)

Begunstigde skrywers in 2025

Miriam Telanie, Sihle Qwabe en Deidré Jantjies




WIE ONS IS

			
Phoebe Gerwel	Prof. Brian De Lacy Figaji	Mnr. Goolam Mohammed Aboobaker	Mnr. Mustaq Ahmed Enus-Brey
Stigterslid	Trustee (Voorsitter)	Trustee	Trustee
Uitvoerende directeur	Trustee	Trustee	Trustee
Theo Kemp	Dr. Annari van der Merwe	Dr. Wilmot Godfrey James	Mnr. Mfundo Clement Nkuhlu
			

MEDEWERKERS

- **Publisiteitkoördineerders:** Tiaan Booyens en Irene Schoonwinkel
- **Webmeester:** Naomi Bruwer
- **Webwerfstandhouding en -ontwerp:** Tiaan Booyens en Irene Schoonwinkel
- **Rekenmeester:** Arthur Seale (C2M Tygerberg)
- **Jakes Gerwel-argivaris:** André Landman
- **Paulet Huis-span:** Gilbert van Zyl (sjef), Donovan Taai (tuinier) en Justine van Rooyen (koördineerder)

ONS VENNOTE

ONS DONATEURS

	 Flanders State of the Art	 GOETHE INSTITUT
Jasmyn Beleggings	 LITERATUUR VLAANDEREN	 LW Hiemstra Trust
 National Arts Council an Agency of the Department of Sport, Arts & Culture	 nhc National Heritage Council SOUTH AFRICA an agency of the Department of Sport, Arts and Culture	 Social Employment Fund Work for the common good
 TRUST VIR AFRIKAANSE ONDERWYS	 Western Cape Government FOR YOU	

VOLG ONS

Gaan na www.jgf.org.za vir alle inligting oor die Jakes Gerwel Stigting.

Die Korf op ons webwerf is 'n eenstop-inligtingsportaal vir skrywers. Lees hier oor geleenthede wat wêreldwyd aangebied word.

Paulet Huis Stories soem van stories deur skrywers wat al by Paulet Huis 'n draai gemaak het.

Instagram: [instagram.com/jakes_gerwel.foundation](https://www.instagram.com/jakes_gerwel.foundation)

Facebook: [JakesGerwelFoundation](https://www.facebook.com/JakesGerwelFoundation)

ONS ONTHOU

In 2025 neem ons afskeid van die volgende besonderse mense wat met die Jakes Gerwel Stigting paaie gekruis het:

Zoë Wicomb (23 November 1948–13 Oktober 2025). Dié internasionaal-gerekende skrywer was in 2024 die inwonende skrywer van die Kommadagga Slypskool.



Crystal-Donna Roberts (13 Oktober 1984–6 Maart 2025). Roberts was in 2021 deel van die Bosberg Boekskryf-program, waarna haar eerste tienerverhaal, *Speurder Sammi*, verskyn het.



“Being at Paulet House allowed me the peace of mind and freedom to fully concentrate on my writing and to leave with so much more than I came with.”

– Ntsika Benya (NATi Jong Sterre)